Ges. 12:1,2
" 4:1,5.
" 12:5

# Pragtige Moontlikhede wat nie Werklikheid geword het.

Lxt. Jongmense 29 Aug. 1943.
[Cap. Park Sept. 47]

Rigt. 16:1-30

Rigt. 16:19 - En sy krag het van hom gewyk.

Daar is seker geen mooier tyd in 'n mens se lewe as jou jeug: jonk, fris, gesond, vol ywer & geesdrif, vol verwagtings van toekoms wat roep! Dan voel jy veel of jy hele wêr. kan versit, alles kan baasraak: niks te groot of te swaar! Ontbreek mens nie aan moed, aan dryfkrag, aan lus om te lewe!

→ En tog geen meer verantw. tyd as jou jeug: (a) dan die beste gebruik van ligg. kragte wat later verflou; (b) " gawes v. verstand wat later verdof; (c) dan beslissende keuse oor jou ewige eindbestemming wat ook sal bepaal of jou lewe 'n vrugbare gaan wees of nie! // Bewus of onbewus besluit elke jongmens oor hd. 3 dinge - nie net een of twee, maar drie!

→ My bede vla dat hd. bdsk. die jeug v Lxt. mag help om reg te besluit! Want ek wil so graag dat julle reg sal besluit - en al sou ek dit nie wil nie dan is daar een wie se hele hart dit begeer soos niemand anders: J.X.!

Kan nie beter doen as om my bdsk. aan te knoop by d. lewe v. Simson. Teksvers: vs. 19.

→ Gesk. ons goed bekend - mr. wonder of ons al genoeg gedink het oor die betek. v. sy lewe vir ons? Watter bdsk.?

Stel hier:

I) Die Groot Verwagtings van hom gekoester: Uitstaande fig. uit O.T. rigtertyd & om 3 redes:

① Liggaamskrag: Besonder bedeeld in dié opsig. Weet van sy uitstaande kragmetinge met mense & diere: leeu verskeur, baie verbreek, stad se poorte weggedra! // Gevolg was dat baie hom daarom aanbid & vereer het: // Wat kan hy nie alles met dd. krag gedoen & verrig het nie! //

→ Wat is daar mooier as om jongman, jong meisie te sien in krag + fleur v. hulle jeug? Met al d. moontlikhede wat d/in skuil? Die onbeperkte geleenthede? Besef dan beter as ooit: liggaam is Tempel v. O: O nie d. mens vernietig so mooi gemaak nie! // Wat kan 'n mens nie met jong, gesonde liggaam totstand bring nie!

② Vast. gawes: Ook in die opsig was S. goed bedeel: uit- van raaisel wat hy opgegee het, van al d. planne wat hy uitgedink het!

→ Watter groot dinge kan nie verrig word m.d. verstand wat O aan ons gegee het nie! Seën vir m/mens, geluk vir wêreld! Nie duiwel tragies dat die beste menseverm. v/d d/op toegespits is om d. mens, sy beste kultuurskatte ens. te vernietig? — Jeug aan voorpunt?

Gst. vr: In wie se diens stel ek my verstand?

③ Geest. gawes: Besondere roeping gehad: van jongs af gewy aan die Heer: Nasiréërgelofte. Uitgekies as teken. leier van Israel — as verlosser v. sy volk! Alles het d/op gewys: jong man met bes. gawes + talente!

— Sy ouers so baie v. hom verwag, sy volk so sterk op hom gehoop, Here sy pad reggemaak — met reg!

→ Die wêr. verander nie: altyd dies. Is dit nie altyd nog so: Ouers verwag baie, opvoeders hoop, Kerk vertrou op die jeug! Want watter regdenkende ouer, leeraar nie hoë verwagtings v. sy kind, watter ware opvoeder leef nie saam m.d. antw. + die kind?

→ hoë godd. roeping?

Besef ons dit genoegsaam: daar is baie mense wat groot dinge v. ons verwag? Bo al: Kt Jesus!

II Die Bittere Teenstelling: Hd. jong man, so sterk, so begaafd, so talentvol — gaan sorgee aan die lis van 'n vrou! S. geval! Al die hoë verwagtings in duie, al d. ideale tot niet! Vir Isr. 'n verskr. ontnugtering, vir ouers bron v. smart: so groot

3

begin — so sleg ge-eindig! Waarom? Tog nie somar by toeval? Moes oorsake gewees het!

① Band met O verbreek: Simson nooit werklik besef wat O van hom verwag het nie — watter hoë roeping hy moes vervul (d/om Nasir. gelofte — alleen aan paar mense in hele Bybel: Joh. die D.). Deël van hd. Nas. gelofte die krag in sy hare. As S. dit opreg gemeen het m. sy l/roeping, as hy in regte verh. tot sy O was, dan sou hy nooit die versoeking geskep het om te laat speel met wat heilig was: sy krag! (Ev.

NB → Sê my wat is jongmens se verh. tot sy O + tot sy Kerk + ek sê u wat is d. einde v. sy lewe! Al besit hy ook watter uitst. gawes, talente: op lang duur sy lewe nutteloos!

Speel ons met ons roeping?

② Ouers se raad verwerp: Ouers hom gewaarsku: nie na Filiste (14:3). Wou nie hoor. Gereken: wat weet die oumense? Agter hulle tyd! Vergeet: lang lewe van harde ondervinding; groot liefde vir hulle kind, wat hulle alleen die beste raad laat sou gee!

→ Ons: Voorreg om ouers te hê wat ons kan voorlig op l/pad. Kan ook foute maak. Egter nooit vergeet: twee dinge wat ons nie het: ondervg. + liefde vir kind! Waardeer ons altyd hulle raad genoeg?

③ Ledige tyd nutteloos bestee: As S. tot val gebr. word, waar vind ons hom, waarmee besig? Antw: Met niks. Een groot rede vir val: sy ledige tyd verspil: Stel hom so bloot aan versoeking: soek dit!

→ Wat maak ons m. ledige ure? Niks wat my meer grief as om jongmens: gesond, sterk ens. — te sien niks doen! Nie net ergernis vir ander wat iets wil doen, m. vir hom 'n gevaar! Eerste stap na die afgrond!

④ Gespeel m.d. sonde: Vernaamste rede. S. begin steun op eie krag (vs. 20). Gereken: sal altyd wee loskan! So het dit gebeur dat hy m.d. kosteliksie gawe wat

G. aan hom gegee het - sy krag - begin speel het.
Grap gemaak v. d. lewe : gespeel m. d. vuur : lyne + toue + haar vleg + hare sny!

→ Baie pers.-vr. aan jongmense vra: Is ons nie ook baie keer besig om grap te maak v. d. kosbare gawes wat G. aan ons gee? Versoeking vir baie v/d nes vir Simson!

① Sedel. reinheid : Oor d. laaste 15 jr: baie vryer + natuurliker omgang jongmense - 2 geslagte baie meer openhartig + eerlik. Dankbaar - begeer dit nie anders (eerlikhd) Mr. grt gevaar: Ongesonde intimiteit + aanl. gegee tot verhg tussen jongman + jongdame wat nie altyd rein + verhewe is! // Die adel + skoonhd v. ons siele as prys vir die genot van 'n oomblik!

→ Vr: Hoe 'n verhg as jongman t.o.v. 'n vriendinne? As dame t.o.v. 'n mansvriend? Altyd skoon, edel, rein? Is 'n vriendskap - of 'n liefde - so dat as dit eendag beëindig moet word 'n vriend/in sal kan sê: My lewe ryker, edeler, voller as gev. v. dd. vriendsk., dd liefde? - Of ook besig om te speel m. 'n godd. gawes?

② Ligg. krag: kosbare gawe - vernoes deur onmatige lewe. Dink veral aan drankmisbruik : lyk my asof idee onder sekere v. ons jongmense v/a posgevat het: nie in tel as ek nie drink nie! Dink 'n ook so? Waarom? Watter waarde daarin? Watter wins vir jouself? Geluk ander? Het ons nie genoeg wrakke v. drank in ld. klein gemeente, dorp as bewys v. waar dit heenvoer?

③ Tyd - Vermoë : Geld : dobbel - Sondeesondsreune!

II Die Tragiese Einde : Krag geweek. Waar meer tragiese fig. in OT. vind : die man so sterk, so groot - swak + hulpeloos; die man wat verseënde lig v. oë verloor moes word - blinde slaaf, gevangene in kettings!

Vir my een v. d. mees roerende beskrywe hele B : vs 28 - 30. Simson, die magtige, die sterke, hare vergeef deur ontbgr. lied, hart gebreek deur teen staan arms om pilaar // In laaste heelhartige poging probeer hy vergoed wat deur lewe verloor: sy godd. roeping te vervul + om so geweke tot sy tekens?

→ As ons eend. lewe moet afsluit: sal dit so wees? Met bitter teleurstelling, met knaende verwyt: my lewenskanse verspeel? Mag God gee dat niemand wat v/a hier sit dit ooit sal beleef nie!

Amen

**EER JUL VADER EN JUL MOEDER.** (Wysie Gesang 22)

1. Eer jul Vader en Jul Moeder,
   Hulle liefd' is groot en teer,
   Vir die grote, grote gawe,
   Dank ons U O liewe Heer.

2. Wereld klokke lui bekoorlik,
   Die versoeker trag te vlei,
   Wereldlinge dring al nader,
   Met die oog ons te verlei.

3. Maar ons Vader en ons Moeder,
   Neem ons teder by die hand,
   Rig ons op als ons strak struikel,
   Lei ons na die Vaderland.

4. Eer jul Vader en jul Moeder,
   En verwerp hul liefde nie,
   Hoor na hulle raad en lering,
   Hul Gebed gaan met jul mee.

Hou vas my hand O! Heer!
Hou vas my hand
En steun slegs op geloof
Nie op verstand
En bra slegs Here bly altyd
u kind naby
Hou vas my hand.

My lewensdag bevat soms
goed soms kwaad
O Vader wat u kind nooit
sal verlaat
Dag en nag o hou my
dat ek nie mag val
Want U is Vader van
d' heelal
Hou vas my hand
O Heer
Hou vas my hand

Ouerdag.

CAPITAL PARK
21 SEPT. 1947

„KINDERS, JULLE MOET JUL OUERS IN ALLES GEHOORSAAM WEES, WANT DIT IS DIE HERE WELBEHAAGLIK."

KOLOSSENSE 3:20

En kein versoekingsmag
kraak my bestand
Kan ek altyds by U bly
Is alles wel met my
Hou aan my hand o Heer
Hou vas my hand.